MEERMIN IN DIE SAND

Musiek: Marie Tredoux
Teks: Nic Tredoux

O, grootpad lei my terug lei my terug
Tot waar jou swart streep doodloop teen die strand
En die kaalvoetpad begin
Ja die kaalvoetpad begin na my meermin in die sand

O, grootpad lei my terug
Lei my terug
Tot waar jou swart streep doodloop teen die strand
En die kaalvoetpad begin
Ja die kaalvoetpad begin na my meermin in die sand
Lei my terug ver anderkant ou Bokbaaipunt verby
Na waar my eenmanstent gestaan het
En ek vry in son en see en wind gegaan het
Lei my terug
Al langs die waterkant
Na my verlore meermin in die sand

Meermin gebeeldhou deur my hand
Brose skoonheid vasgelê in sand
Om tussen hoog- en laaggety
Weerloos werklikheid te bly
weerloos werklikheid te bly
Meermin, ek het jou sien gaan
Ek het jou sien gaan
Op die brander van die nuwe maan
Meermin, ek het jou sien gaan
Ek het jou sien gaan
Op die brander van die nuwe maan

Waar, o waar het ek geswerf
En wat, o wat het ek geërf
Nou kom ek kaalvoet terug
Van ‘n ander land terug
Met ‘n ruikertjie van seegras
Vir my meermin in die sand
Net ‘n ruikertjie van seegras
Vir my meermin in die sand